

### Ekonomieë in 'n flits

September 2021

#### Raming 2021:

BBP: 5.9%

Inflasie: 2.8%

#### Raming 2022:

BBP: 4.3%

Inflasie: 2.4%

### VSA

Hoewel volhardende beperkings op voorraadkettings inflasie vir langer hoer kan hou, het die dalende prys van gebruikte motors die pas van stygende verbruikerspryse na die laagstevlakke in ses maande verminder. 'n Herlewing in virusgetalle het die vraag na hoë-kontakdienste verminder, en 'n demper geplaas op inflasie wat met 'n heropening van die ekonomie gepaardgaan. Ten spye van lae politieke wil om strenger inperkingsmaatreëls in te stel, sal verbruiksbesteding aan in-persoon-dienste verbruik terughou, nienteenstaande die hoë vlakke van besparing en 'n herstel in werkgeleenthede. Die Federale Reserweraad van New York se Nowcast dui daarop dat groei in die derde kwartaal waarskynlik na 3.8% gaan daal (voorheen op 5.5% geraam). Hoewel die huidige ekonomiese klimaat enige verskerping van maatreëls deur die Federale Reserweraad kan vertraag, word verwag dat die vermindering van bate-aankope voor die einde van 2021 kan begin.

### Eurosone

Hoewel Duitsland se Sosiaal-Demokratiese Party (SPD) nie 'n oortuigende meerderheid behaal het nie, het dit 25.7% van die stemme verower, teenoor die Christelik-Demokratiese Unie (CDU/CSU) se 24.1% (sy slegste vertoning in sy geskiedenis). Kleiner partye, naamlik die Groenes en die Vrye Demokratiese Party (FDP), is in die posisie van 'koningmakers' en is bereid om 'n koalisieregering te vorm. Die verwagtinge is vir 'n 'verkeerslig'-koalisie tussen die SPD, FDP en die Groenes, of 'n 'Jamaica'-koalisie (CDU/CSU, Groen en FDP). Gesprekke rondom koalisies gaan waarskynlik sloer, gegewe die verskillende sienings oor belastingverhogings, ondersteuning vir Europese-integrasie, nuwe investering en die land se doelwitte rakende klimaatsverandering. Die volgende kanselier kom uit 'n party met minder as 'n derde van die stemme, en Duitsland sal dus 'n meer komplekse en heterogene regering hê, wat tot meer interne konflik kan lei.

#### Raming 2021:

BBP: 6.8%

Inflasie: 2.1%

#### Raming 2022:

BBP: 5.2%

Inflasie: 2.5%

#### Raming 2021:

BBP: 4.8%

Inflasie: 2.1%

#### Raming 2022:

BBP: 4.5%

Inflasie: 1.6%

### Verenigde Koninkryk

Ten spye van 'n toename in COVID-19-gevalle, het Boris Johnson, premier, die idee van 'n entstofpaspoort laat vaar te midde van druk uit sy regeerende Konserwatiewe Party. 'n Peiling deur YouGov wys dat slegs 40% van mense die Britse regering se hantering van die pandemie as "baie" of "ietwat" goed beskou. Dit is minder as die 62% vroeg in Mei. Hoewel verdere moontlike stygings in virusgevalle kan lei tot strenger inperkingmaatreëls, meen ons dat oorblywende beperkings (behalwe vir internasionale reis) in die komende maande gelig gaan word. Dit is daarom waarskynlik dat produksie al vroeg in 2022 gaan herstel na vlakke soos voor die pandemie. Nietemin voorspel die National Institute of Economic and Social Research dat die vlakke van bruto binnelandse produk sowat 3% swakker oor die mediumtermyn (relatief tot die tendens na die globale finansiële krisis) weens Brexit en COVID-19 gaan bly.

### Japan

Die Japanse premier, Yoshihide Suga, het aangekondig dat hy na slegs 'n jaar in die amp die tuig gaan neerlê. Dit volg na 'n skerp daling in sy gewildheidsvlakte na onder 30% weens korruptsiekandale en die regering se waarneembare mishandeling van die COVID-19-krisis. Suga se opvolger het die moeilike taak om die pandemie te bestuur en die druk op hospitale te verlig. Japan het tot onlangs die laagste inentingkoers gehad onder lande wat deel is van die Organisation for Economic Cooperation and Development (OECD), maar vordering is gemaak en meer as 53.3% (14.6% teen die einde van Junie 2021) van die bevolking is ten volle ingeënt teenoor 53.9% (46.3% einde June) vir die VSA en 61% (34% einde Junie) vir die Europese Unie.

#### Raming 2021:

BBP: 2.3%

Inflasie: 0%

#### Raming 2022:

BBP: 2.5%

Inflasie: 0.4%

## China

Die welvaart van baie van China se rykste entrepreneurs kom onder druk van die Chinese regering in sy jongste pogings om ongelykheid en die konsentrasie van welwaard die hoof te bied. Die "gemeenskaplike welvarendheid" politieke veldtog is 'n langtermynplan om armoede uit te wis en "maatskaplike samehorigheid" te bewerkstellig deur gesondheidsorg uit te brei, plattelandse ekonomiese ontwikkeling te versnel en opvoeding aan minder bevoorregte studente te verskaf. Die klem op hierdie veldtog gaan in alle waarskynlikheid pres. Xi Jinping se politieke toekoms verseker by die 20ste partykongres in 2022 sou hy beduidende vordering kon wys met hierdie herleefde doelwit om "buitensporige inkomste te reguleer en hoë-inkomstegroepe en ondernemings aan te moedig om meer aan die samelewing terug te gee". Ons verwag 'n toename in eiendoms- en boedelbelastings om hierdie vlak van herverdeling te bereik.

### Raming 2021:

BBP: 8.3%

Inflasie: 1.2%

### Raming 2022:

BBP: 5.6%

Inflasie: 2.2%

## Ontluikende markte

Sterk eksterne vraag en hoër kommoditeitspryse het groei in ontluikende markte ondersteun. 'n Vertraagde inentingsprogram, swakker gesondheidsorg, stadiger regeringsoptrede en 'n verminderde vermoë om fiskale ondersteuning te bied het ekonomiese aktiwiteit gerem. Kumulatiewe COVID-19-inentings per 100 mense het gevorder in laermiddelinkomste-lande – van 14.5 teen die einde van Junie 2021 na 41.4 meer onlangs – hoewel dit steeds laag is vir lae-inkomste-lande op 3.4. Anders as 2013, waar daar 'n vlug van kapitaal uit kwesbare ontluikende lande was, is daar merkbare verskille hierdie keer, insluitende kleiner tekorte op lopende rekeninge, wisselkoerse wat meer redelik gewaardeer is, gesonder vlakke van buitelandse reserwes en die aanvang van rentekoersverhogingsiklusse in 'n aantal lande.

### Raming 2021:

BBP: 4.9%

Inflasie: 4.4%

### Raming 2022:

BBP: 2%

Inflasie: 4.3%

## Suid-Afrika

Ekonomiese groei het verras op 7.5% in die eerste helfte van die jaar relatief tot dieselfde tydperk in 2020. Kragtekorte, laer kommoditeitspryse, die onluste in Julie in belangrike ekonomiese gebiede en 'n moontlike vierde vlaag van COVID-19 duis op 'n verlangsaming in groeimomentum in die tweede helfte van die jaar. Hoewel kommoditeitspryse die regering se inkomste 'n hupstoot gaan gee in die fiskale jaar, gaan die swak vooruitsig vir 'n noemenswaardige herstel in indiensmening die debat oor 'n meer permanente uitbreiding van maatskaplike toelaes die risiko vir fiskale konsolidasie oor die mediumtermyn verhoog. Dat daar geen multijaar-loonooreenkoms vir openbare amptenare is nie en die bekendstelling van 'n kontanttoelae hou verdere fiskale risiko's in. Ons siening is dat inflasie, wat anders as in baie ander ontluikende markte in toom gehou word, die begin van die volgende siklus van rentekoersverhogings na die eerste kwartaal van 2022 gaan uitstel en die pas van verhogings temper. Gedempte dienste-inflasie, wat die helfte van Suid-Afrika se mandjie van verbruikersprysinflasie verteenwoordig, dien as 'n anker vir oorhoofse inflasie, terwyl geadministreerde pryse, internasionale oliepryse en looninflasie risiko's inhou.

## Die makro-navorsingsspan

Herman van Papendorp is hoof van Momentum Investments se span vir navorsing en insigte en het finale verantwoordelikheid vir makronavorsing en bateallokasie. Ekonom, Sanisha Packirisamy, is verantwoordelik vir die makroraamwerk vir beleggingsgeleenthede en -strategieë.



Die inligting wat gebruik is om hierdie dokument op te stel sluit inligting in van derde partye en is slegs bedoel vir inligtingsdoeleindes. Hoewel ons alle redelike stappe neem om die akkuraatheid van die inligting in hierdie dokument te verseker, gee nie Momentum Metropolitan Life Limited of enige van hulle onderskeie filiale of geaffilieerdes, enige uitdruklike of implisiete waarborg oor die akkuraatheid, volledigheid, of betroubaarheid van die inligting in hierdie dokument nie en geen waarborg van enige soort, uitdruklik of implisiet, word gegee oor die aard, standaard, akkuraatheid of andersins van die inligting wat verskaf word nie.

Nie Momentum Metropolitan Life Limited, sy filiale, direkteure, amptenare, werknekmers, verteenwoordigers of agente (die Momentum partye) het enige aanspreeklikheid teenoor enige persone of entiteite wat die inligting in hierdie dokument ontvang vir enige eis, skadevergoeding, verlies of uitgawes nie, insluitende, en sonder enige beperking, enige direkte, indirekte, spesiale, toevallige of gevolglike koste, verliese of skade, of in kontrak of delik, wat mag voortspruit uit of in konneksie met inligting in hierdie dokument en jy stem om die Momentum partye dienooreenkomsdig vry te waar. Vir meer inligting besoek [momentum.co.za](http://momentum.co.za). Momentum Investments is deel van Momentum Metropolitan Life Limited, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en geregistreerde kredietverskaffer, met 'n B-BBEE vlak-1 gradering.

# Indekse vir September 2021

|  | Een<br>maand | Drie<br>maande | Een<br>jaar | Drie<br>jaar | Vier<br>jaar | Vyf<br>jaar | Ses<br>jaar | Sewe<br>jaar | Tien<br>jaar |
|--|--------------|----------------|-------------|--------------|--------------|-------------|-------------|--------------|--------------|
| <b>Aandele-indekse</b>                                 |              |                |             |              |              |             |             |              |              |
| FTSE/JSE Indeks van alle aandele (Alsi)                | -3.14%       | -0.84%         | 23.19%      | 8.58%        | 7.24%        | 7.83%       | 7.62%       | 7.21%        | 11.50%       |
| FTSE/JSE Aandeelhouersgeweegde-indeks (Swix)           | -1.44%       | 0.51%          | 22.85%      | 6.38%        | 4.97%        | 5.37%       | 5.98%       | 5.99%        | 10.92%       |
| FTSE/JSE Bobeperkte Swix-indeks                        | -1.41%       | 3.19%          | 30.34%      | 6.49%        | 4.93%        | 5.01%       | 5.48%       | 5.56%        | 10.61%       |
| FTSE/JSE Top 40-indeks                                 | -3.56%       | -1.60%         | 20.25%      | 8.96%        | 7.51%        | 8.37%       | 7.63%       | 7.23%        | 11.57%       |
| FTSE/JSE Indeks vir mediumgrootte maatskappye          | 0.52%        | 7.16%          | 41.12%      | 8.05%        | 5.47%        | 3.76%       | 6.67%       | 6.17%        | 10.22%       |
| FTSE/JSE Indeks vir kleingrootte maatskappye           | 5.58%        | 11.72%         | 78.32%      | 9.03%        | 5.48%        | 4.35%       | 6.02%       | 6.19%        | 11.60%       |
| FTSE/JSE Hulpbronindeks                                | -9.30%       | -3.57%         | 17.84%      | 17.40%       | 19.71%       | 17.93%      | 16.53%      | 6.71%        | 6.43%        |
| FTSE/JSE Finansiële-indeks                             | 2.08%        | 13.23%         | 51.14%      | 0.02%        | 1.98%        | 2.96%       | 2.31%       | 4.55%        | 10.86%       |
| FTSE/JSE Nywerheidsindeks                              | -0.77%       | -4.30%         | 16.97%      | 7.50%        | 3.48%        | 5.04%       | 4.95%       | 6.43%        | 13.35%       |
| FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse      | -0.27%       | 7.49%          | 40.75%      | 9.23%        | 9.00%        | 9.57%       | 10.09%      | 7.75%        | 11.31%       |
| 40-indeks (Rafi)                                       |              |                |             |              |              |             |             |              |              |
| FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse Alsi | -0.43%       | 7.14%          | 41.56%      | 8.98%        | 8.77%        | 9.22%       | 9.72%       | 7.50%        | 11.05%       |
| FTSE/JSE SA Genoteerde Eiendomsindeks (Sapy)           | -0.78%       | 5.94%          | 54.43%      | -6.77%       | -9.08%       | -5.64%      | -4.13%      | -0.34%       | 5.46%        |
| <b>Rentedraende-indekse</b>                            |              |                |             |              |              |             |             |              |              |
| FTSE/JSE Indeks van effekte (Albi)                     | -2.12%       | 0.37%          | 12.46%      | 9.08%        | 8.59%        | 8.51%       | 8.37%       | 8.18%        | 8.27%        |
| FTSE/JSE Indeks van effekte 1-3 jaar (Albi)            | 0.05%        | 1.52%          | 4.04%       | 8.65%        | 8.22%        | 8.37%       | 8.31%       | 8.15%        | 7.56%        |
| FTSE/JSE Inflasiegekoppelde-indeks (Ili)               | 0.31%        | 2.00%          | 15.92%      | 5.47%        | 4.27%        | 3.52%       | 4.29%       | 4.38%        | 6.32%        |
| Saamgestelde indeks van korttermyn-vasterente (Stefi)  | 0.31%        | 0.95%          | 3.80%       | 5.77%        | 6.15%        | 6.43%       | 6.55%       | 6.53%        | 6.21%        |
| <b>Kommoditeite</b>                                    |              |                |             |              |              |             |             |              |              |
| NewGold Beursverhandelde Fonds                         | 0.64%        | 4.81%          | -16.80%     | 15.79%       | 10.70%       | 7.35%       | 8.95%       | 9.41%        | 7.20%        |
| Goudprys (in rand)                                     | -0.37%       | 4.50%          | -17.06%     | 16.14%       | 11.08%       | 7.51%       | 9.29%       | 9.76%        | 7.28%        |
| Platinum Beursverhandelde Fonds                        | -0.69%       | -4.13%         | -3.91%      | 7.29%        | 3.68%        | 0.01%       | 2.05%       | -0.58%       |              |
| Platinumprys (in rand)                                 | -2.06%       | -6.04%         | -1.34%      | 7.74%        | 3.87%        | 0.42%       | 2.32%       | -0.29%       | -1.13%       |
| <b>Wisselkoersbewegings</b>                            |              |                |             |              |              |             |             |              |              |
| Rand/euro bewegings                                    | 2.08%        | 3.01%          | -10.86%     | 1.99%        | 2.23%        | 2.43%       | 2.06%       | 2.90%        | 4.92%        |
| Rand/dollar bewegings                                  | 4.00%        | 5.42%          | -9.82%      | 2.09%        | 2.75%        | 1.85%       | 1.42%       | 4.19%        | 6.50%        |
| <b>Inflasie-indeks</b>                                 |              |                |             |              |              |             |             |              |              |
| Verbruikersprysindeks (VPI)                            |              |                |             | 4.89%        | 4.10%        | 4.31%       | 4.39%       | 4.65%        | 4.64%        |
|  |              |                |             |              |              |             |             |              | 5.03%        |

## Important notes

1. Sources: Momentum Investments, IRESS, www.msci.com, www.yieldbook.com, www.ft.com.
2. Returns for periods exceeding one year are annualised.
3. The return for Consumer Price Index (CPI) is to the end of the previous month. Due to the reweighting of the CPI from January 2009, this number reflects a compound of month-on-month CPI returns. The historical numbers used are the official month-on-month numbers based on a composite of the previous inflation series (calculations before January 2009) and the revised inflation series (calculations after January 2009).
4. The MSCI World index (All Countries) returns are adjusted to correspond with global investment prices received.
5. FTSE/JSE disclaimer: www.jse.co.za
6. The information reproduced in this document has been compiled by or arrived at by Investments from sources believed to be reliable.
7. Reasonable steps have been taken to ensure the validity and accuracy of the information in this document. However, Momentum Investments does not accept any responsibility for any claim, damages, loss or expense, howsoever arising out of or in connection with the information in this document, whether by a client, investor or intermediary.
8. The content used in this document is sourced from various media publications, the Internet and Momentum Investments. For further information, please visit us at www.momentuminv.co.za.
9. Momentum Investments is part of Momentum Metropolitan Life Limited, an authorised financial services and registered credit provider, and rated B-BBEE level 1.